# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

Posbus 1989 Tzaneen 0850
***Voorsitter*** *(Wallie van Dyk) Tel: 083-452 24* — ***Ondervoorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 538*
***Sekretaris*** *(Abel Botha): Tel: 082-773 1488* — **Tesourier** (Adriaan Willems) : Tel: 083-448 5201
**e-mail :** mwabelb@mweb.co.za
**Redaktrise** : Annie Botha 083-4076921 **e-mail** : annieb2@mweb.co.za

## Notule van Bestuursvergadering 6 Mei 2004

**1. OPENING & VERWELKOMING :**

Karl open die vergadering met gebed. Wallie heet alle lede welkom.

**2. DOELSTELLINGS**

Tino lees die Doelstellings van BJV

**3. TEENWOORDIG**

**Bestuur :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wallie van Dyk | Adriaan Willems | Chris de Wet | Karl Osmers |
| Aubrey Potgieter | Marius v Rensburg | Schalk Robinson | John Eastes |
| Gustav von Below | Tino Ceronio | | |

**Lede :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Corneels Muller | Deon Davel | Ivy Iveson | Anton Bäckmann |
| Nols Thiart | Stefan Fourie | De Klerk Fourie | Philip Robinson |

**4. VERSKONINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Annie Botha | André le Grange | Dries v Niekerk | Abel Botha |
| Mike Gamba | Chris Lombard | Johan Ehlers | Vic Osmers |

**5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**

**5.1 Sake voortspruitend uit vorige notule**

Sal onder gelyknamige items behandel word

**5.2 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die notule van die vorige vergadering (1 April 2004) se goedgekeuring staan oor tot die volgende vergadering.

**6. VASSTELLING VAN AGENDA**

18.4 Trofeemeting - Nols

18.5 Rally – David Brown (word hier behandel maar onder 18.3 genotuleer)

**7. FINANSIES**

7.1 Bankbalans R 11 216.22 - Tjek van R365 moet nog deurgaan.

7.2 Slegs 3 van die 12 junior kursusgangers het nog betaal.

7.3 R3020 betaling vir jagpakkette gedoen. R 5000 vir die dranklisensie is betaal, R7000 vir stoele en tafels.

7.4 Deon Davel sal gelde vir advertensieborde insamel.

7.5 Die munisipaliteit skuld ons R64

**8. NUWE LEDE**

**Ledelys :**324 lede op lys, net 238 het betaal – betuur moet lys kontroleer en kennisse aanmoedig om te betaal

**Nuwe lede**

Dr A Revelus & G J le Roux word goedgekeur deur die vergadering

**9. KLUBHUIS & SKIETBAANGRONDE**

**9.1 David**

As daar probleme met David kom, sal Northern Security ons bystaan teen 'n tarief. Daar moet 'n lys van weeklikse take vir hom opgestel word. Amptelike waarskuwing moet aan hom gerig word.

**9.2 Gras** is gesny deur Munisipaliteit – met dank aan hulle

**9.3 Klubhuis**

Die yskas is deur Ivy reggemaak en hy is reeds betaal daarvoor. Daar is 'n venster gebreek en 'n paar is gekraak. Karl sê dat sulke groot veiligheidsvensterruite baie duur is.

**9.4 Dranklisensie** – Sal moontlik in Augustus goedgekeur word.

**9.5 Inligtingsbord** – Staan oor

**9.6 Poslec Seta**

CHASA doen vir alle takke aansoek – ons is almal lede van CHASA. Fred Mulders sal op skietdag terugvoering gee

**9.7 Elektrisiteitsrekening**

André en John het samesprekings oor rekening gehad. André het die elektrisiteitsrekening dagvaarding wat ons gekry het, oorgeskryf na die staatsrekening toe. DOW moet dit betaal. Daar sal R2900 aan die BJV terugbetaal word vir 'n vorige rekening van hulle wat ons betaal het.

**10. SKIETDAE**

**10.1 Skietdag 3 April :** was 'n baie lekker dag, maar daar was maar min mense.

**10.2 8 Mei : 10e verjaarsdag skietdag :** Die reëlings word deur die vergadering gefinaliseer. Die wenners van die Jagpakketkompetisie sal ook getrek word. Die BJV Letaba tak wenner vir die dag sal die Letaba tak skietkampioen vir 2004 wees, so ook die dameswenner en laerskoolwenner. Die vergadering keur dit goed dat daar 'n nagwag gehuur kan word vir die twee nagte rondom die kompetisie om die elektroniese toerusting op te pas. Dit sal ± R80 –R90 'n nag kos.
Cor het die **Bewegende leeuteiken** reggekry en dit sal Saterdag funksioneer – met dank aan hom. Wallie vra almal se ondersteuning om hierdie dag 'n groot sukses te maak.

**10.4 Pro-Amm skietdag 2004**
PMP wil nie vir ons hierdie jaar die Pro-Amm skietdag aanbied nie, dus sal ons ons eie groeperingskompetisie hou met dieselfde pryse.

**11. OPLEIDING**

**11.1 Junior 1 kursus 15 – 18 April** op Guernsy
Daar was 12 juniors en het baie goed afgeloop. Kings Court het gevra dat ons vir hulle so 'n kursus moet kom aanbied.

**11.2 Senior kursus 3 – 6 Mei**
Daar is 10 lede wat die kursus meegemaak het, besig om die Bekwaamheidstoets te skryf.

**12. KLEIDUIF** Is gereed vir Saterdag

**13. BOOGJAG** Is gereed vir Saterdag

**14. HANDWAPENJAG** Is gereed vir Saterdag

**15. JAGGELEENTHEDE**
Daar is nog 20 kaartjies oor. Wallie bedank vir Chris vir sy organisasie van die pakkette.

**16. REDAKTRISE / PUBLIKASIES / PERS**
Staan oor.

**17. UITVOERENDE VERGADERING**

- Wallie het bedank as Ondervoorsitter van Uitvoerend.
- Uitvoerend vra asseblief bydraes vir die volgende Impala

**18. ALGEMEEN**

**18.1 Wildsete** Lede moet asseblief wildsvleis bêre vir die wildsete.

**18.2 Lief en leed**
André word gelukgewens met sy graad wat hy behaal het. Johan Clements is beseer in 'n motorongeluk.

**18.3 Skoustalletjie** Die skou sal nie weer 'n vlooimark-tipe uitstalling wees nie, maar sal 'n eko-toerisme tema hê. Daar word 'n bespreking gehou deur die vergadering oor die wenslikheid om 'n stalletjie te neem op die skou. Geen besluit word geneem nie.

**18.4 Trofeemeting** Nols vra waarom trofee wat reeds gemonteer is, nie gemeet mag word nie. Wallie verduidelik dat die trofeemetingsreëls deur CHASA opgestel word en ons nie daaraan kan verander nie. Nols sê dat SA Jagters dit wel so meet. Wallie sal die saak weer aan Uitvoerend voorlê vir voorlegging op CHASA vlak.

**18.5 Tydrenne** David Brown versduidelik aan die vergadering van die be-oogde tydren wat op 29 Mei gehou gaan word. Soos in die verlede wil hulle graag 'n gedeelte van die roete deur ons Skietbaangronde laat geskied. BJV het geen probleem daarmee nie en die besluit word geneem dat die skietbaan op hierdie dag toegesluit sal word en geen lede dit mag gebruik nie.

**19. VOLGENDE VERGADERING**
3 Junie 2004 18h00

Notule goedgekeur : Datum ………………………….

……………………………………………………………………. ……………………………………………………………………….
Voorsitter Sekretaris